# DIE OMGEEGEMEENTE
NGK SOMERSET-WES
Sedert 1819

14 Junie 2026

## Gasvryheids-bediening

Kom drink gerus koffie/tee na die erediens in Kosmos in die kerksaal. Met dank aan Elisma Lotz en span.

## BORG van die maand

Philwest Volkswagen Somerset-Wes

021 840 4900

Philwest Volkswagen Somerset-Wes 021 840 4900

## Gebedsonderwerpe

- Elisma Lotz en haar helpers wat met hulle gewilligheid en vriendelikheid Sondagoggende na die erediens vir ons 'n saamkuiergeleentheid skep.
- Bestuursgroepvergadering op 22 Junie – bid vir leiding met die besluite wat hulle in belang van die gemeente moet neem. Bid vir Willem wat die vergadering lei.
- Bid vir die minister van Basiese Onderwys en haar amptenare vir wysheid om beleidsbesluite te neem en deur te voer wat leerders effektief voorberei vir die res van hulle skoolloopbaan en vir die lewe na skool.
- Bid vir gewilligheid by die strydende partye in die Midde-Ooste om vir vrede te kies.

Epos: hannetjiegericke@gmail.com

## JUNIE se deurkollektes

07 Jun: Helderberg Hospitaal – R1 772
14 Jun: Herberg Kinderhuis Robertson
21 Jun: Projekte 2026
28 Jun: Sinode: Bediening aan Jode

## Bybelstudie Stormhaven

Donderdag, 25 Junie om 10:00.

## DANKOFFER BETALINGS:

**1. Elektronies/internet bankdienste:**

| | |
|---|---|
| Rek naam: | NGK Somerset Wes |
| Bank: | ABSA |
| Tipe rek: | Tjekrekening |
| Rek nr.: | 2900 590 132 |
| Takkode: | 632 005 |
| Verwysing: | Dankoffer/Kollekte |

**2. Snapscan:**

SnapScan

Snap here to pay

**3. Kontantinbetalings & koeverte:**

Kontantinbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofofferkoeverte kan ook in die kerkkantoor se posbus geplaas word. Dié posbus word 1x per week leeggemaak.

**4. Debietordervorms:** Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787 / ngsomerset@mweb.co.za.

## Oggenddiens 09:30

Ons verwelkom graag vanoggend vir ds Melanie Smit op die kansel en bid vir haar die seën van die Here toe met die verkondiging van die Woord. Melanie staan in vir ds Willem wat 'n afnaweek neem. Ons tema is: "*Wat leer ons by ons kinders?*" "Ai, die jongmense van vandag darem." Het jy dit onlangs gedink of gesê? Ons vier Dinsdag, 16 Junie, Jeugdag. Hoe dink ons oor ons jeug? Hoe dink die Here oor ons jeug? Ons lees Dawid en Goliat se verhaal in 1 Samuel 17 en kyk deur die Here se oë na vandag se jeug.

## Stroming

Die skakel sal ongeveer 'n halfuur voor die aanvang van die diens beskikbaar wees op die gemeente se webtuiste by https://ngkerksomersetwes.co.za/
Die alternatief is om na Youtube te gaan en in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes" te tik.

## Bybelstudie Woensdae

**Oggende: 2-weekliks**
24/06: 10:00 in Patmos
**Aande: weekliks**
17/06: 18:00 in Patmos

## Gebedsgroep Woensdae

24 Junie om 09:00 in die konferensiekamer.

## Voorbidding

- **Petro le Roux,** gordelroos.
- **Leonie Fourie,** herstel na nekoperasie.
- **Ben du Toit,** hospitaal.
- **Seënwense aan die Muller gesin** met die geboorte van Gideon jnr jnr. 😊
- **Miems Naudé,** skoondogter brein-operasie.
- **Dawie Rossouw,** sterk tuis aan, maar kry nog steeds behandeling.
- **Marcel Malan,** ondersteunende versorging.
- **Buks v Zyl,** HML Siekeboeg.
- **Kobus Grobbelaar,** verswak na hospitalisasie.
- **Jeanette Snyman,** behandeling.
- **Obie van Niekerk,** behandeling.
- **Muggie Rossouw,** broos.
- **Christo Meyer,** broos.
- **Chelly vd Merwe,** broos.



*Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!*

# Kategese: 14 Junie 2026

**Daar sal nie vandag kategese wees nie agv die langnaweek (skoolvakansiedag Maandag 15/6 & Jeugdag 16/6).**
**Volgende geleentheid: Sondag, 21 Junie 2026.**

# 2025/26 FINANSIëLE JAARSTATE

Die jaarlikse oudit is afgehandel en die geouditeerde getekende finansiële state vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2026, soos deur die kerkraad goedgekeur op 26 Mei, is ter insae by die kerkkantoor gedurende kantoor-ure. Belangstellendes enige tyd welkom.

# Dienende Hande

**bied weer die baie gewilde**

## PJP-oggend

(pannekoek, jaffles & poeding) aan op

**Vrydag, 26 Junie 2026 in Kosmos van 10:30 – 12:00**

**Plaas nou reeds jou bestelling by Julianne Bryson, epos:** jbryson.ah@gmail.com **of 082 598 9418.**
**Bestellings sluit Dinsdag, 23 Junie @ 17:00.**

**Kom drink 'n lekker koppie koffie/tee, wanneer jy jou bestelling kom afhaal, of kuier gesellig saam in KOSMOS (sysaal van die kerksaal).**

- **Pannekoek** R 8
- **Jaffles** R30
- **Poeding** R30
- **Koffie/tee** R10

**Betaling met afhaal: Kontant, Kredietkaart, Snapscan (Verw: PJP)**

## Manne Reisgesprek Vrydagoggende

## Volgende geleentheid: 19 Junie 2026

in die konferensiekamer

* Koffie 05:15 * Gesprek 05:30 *

Ons het weer wol gekry, maar sal steeds donasies van nog **"double knit" wol** baie verwelkom. Baie dankie aan almal wat wol geskenk het. Dit is altyd welkom. Die vlytige breiers wat wol benodig, kan wol by die kerkkantoor kom afhaal. Baie dankie vir al die breiwerk wat ons deurlopend ontvang. Ons benodig steeds truie, musse, serpe en bedsokkies. Alles word na Helderberg Uitreik geneem vir verspreiding onder die dagsorgsentrums, ouetehuise en skuilings. Wees verseker dat jy 'n verskil maak in iemand se lewe, met jou warm winter omgee in die vorm van breiwerk. Baie baie dankie Omgeegemeente!

# *BASAAR*

Ons begin nou reeds beplan vir die **BASAAR** wat vanjaar op **Saterdag, 5 September** plaasvind en wil dus vra vir:

1) **Boeke**, sodat ons ons voorraad kan begin opbou. Dit kan asb. by die kerkkantoor afgelewer word.
2) Hou gerus ook hierdie spasie dop. Die kerkraad het goedkeuring verleen dat ons vir Eendekuil gemeente ondersteun. Hierdie ondersteuning sal die vorm van **vleisverkope** aanneem. Pryslyste sal binnekort beskikbaar gestel word. Dit werk so: Jy plaas jou bestelling en betaal daarvoor (direk in Eendekuil se rekening). Eendekuil se verteenwoordiger(s) bring dan al die bestellings hiernatoe en jy haal jou bestelling die dag van die basaar af.